2019 INTERNASIONALE DOEANE DAG VIERINGE

Pretoria, 25 Januarie 2019 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het Internasionale Doeane Dag (ICD) 'n dag vroeër gevier om die mans en vroue te vereer wat die land se grense beskerm en handeldryf help fasiliteer.

Die ICD het vir amper sewe dekades, sedert 1953, elke jaar die eerste sitting van die doeane se raad vir samewerking (CCC) gevier.

Hierdie jaar, het die Wêreld Doeane Organisasie (WCO) besluit op "SMART borders for seamless trade, travel and transport" (slim grense vir egalige handeldryf, reis en vervoer) as tema vir Internasionale Doeane Dag (ICD) 2019.

SARS se doeane en aksyns-afdeling het hierdie noemenswaardige gebeurtenis met twee byeenkomste gevier – die ICD in Pretoria en by Beitbruggrenspos in Limpopo.

Die hoof byeenkoms in Pretoria is deur waarnemende uitvoerende beampte van doeane en aksyns, Beyers Theron, gelei wat die programrede gelewer het.

Die byeenkoms was in die vorm van 'n handelskou aangebied, met 'n aantal stalletjies wat sommige van Doeane se strategiese projekte uitgelig het, insluitend die voorkeur-handelaarsprogram, nuwe Wet op Doeane-program (NCAP), tegnologiese vermoëns, vennootskappe, nuwe e-reisigerskaart en fokus op die onwettige ekonomie.

In Beitbrug is die aangeleentheid gesamentlik gevier deur beamptes van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) en die Zimbabwiese Inkomstediens (Zimra) en het verskeie van die samewerkingsprojekte, waaraan die twee administrasies werk, uitgelig.

Beide byeenkomste het ingesluit die tradisionele uitreik van WCO-sertifikate aan verskeie SARS-personneellede en eksterne belanghebbendes wat 'n positiewe bydra gemaak het tot die strewe na doeltreffende en slim beheer van die beweging van goedere.

"Hierdie jaar se tema poog om die behoefte uit te lig vir almal van ons in die agentskap om te verseker dat daar spoedige en egalige beweging van goedere, mense en vervoermiddele oor die grense is," het Theron gesê.

SARS hou vol dat dit 'n gesamentlike verantwoordelikheid is as doeane en grens-regulerende belanghebbendes om pogings wat die ekonomie uitbrei te ondersteun deur te verseker dat ons die konsep van egalige beweging van wettige goedere en mense na die grensomgewing bring deur die toepassing van die SMART-beginsels.

Die konsep van SMART-grense verskaf 'n bloudruk wat gebruik en toegepas kan word, deur doeane en ander grens-regulerende vennote, om die tyd en koste, gepaardgaande met oorgrens-verkeer, te verminder deur die verwante totale-regeringspoging te versterk.

Met SMART bedoel ons dat Doeane, in vennootskap met ander grens-regulerende belanghebbendes, moet verseker dat die volgende leidende beginsels van 'n SMART-grens aangespreek word:

- **S**ecure (veilig) - Hierdie aspek maak beroep op Doeane, vennoot-regeringsbelanghebbendes en ekonomiese operateurs om die gemene doelwit van versterking van leweringskettingveiligheid en -doeltreffendheid, gebaseer op wedersydse vertroue en deursigtigheid, na te streef, en terselfdertyd inkomste-invordering te beveilig.
- **M**easurable (meetbaar) - Om die werklike pligsuitvoering van Doeane en grens-regulerende belanghebbendes te kan meet, ten opsigte van fasilitering van handeldryf en beheer van grense, asook die evaluering van algehele grens-prestering, is twee hoof-pillare wat belangrik is vir behoorlike besluitneming, byvoorbeeld, instrumente soos die WCO-tydvrystellingstudie (TRS) om die elemente van handelsvloei akkuraat te meet en bottelnekke te identifiseer, sodat toepaslike besluite geformuleer en geïmplementeer kan word.
- **A**utomated (geoutomatiseer) - Outomatisering onderstut elke aspek van 'n moderne doeane-administrasie en, deur uitbreiding en in vennootskap met grens-regulerende belanghebbendes, ook 'n egalige grensomgewing.
- **R**isk Management-based (risikobestuur-gebaseer) - 'n Intelligensie-gedrewe en data-bevoegde risiko-bestuursraamwerk stel Doeane en grens-regulerende belanghebbende vennote in staat om meer doeltreffend te wees op alle vlakke, veral ten opsigte van besluitneming en geteikende ingrypings.
- **T**echnology-driven (tegnologie-gedrewe) - Digitale onderbrekings het nuwe geleenthede en uitdagings vir doeane en vennoot-regeringsbelanghebbendes meegebring, wat aanleiding gee tot die behoefte om die gebruik van inligtings- en kommunikasie-tegnologie (ICT) oplossings te verken.

Om die integriteit van vrag te verseker, is die nuwe SARS-vragstelsel in staat om per hand en elektroniese seëldata en -nasporing te prosesseer deur 'n aantal fasiliteite (terminale en bewaarplekke) terwyl die vrag deur die leweringsketting beweeg.

"Gevolglik sal hierdie maatstawe ons in staat stel om onwettige en nagemaakte goedere, wat bydra tot die onwettige ekonomie en verlies aan staatsinkomste, beslissend te hanteer," het die waarnemende uitvoerende beampte gesê.

Erewag verwelkom die adjunk minister van finansies Mondli Gungubele, waarnemende uitvoerende beampte Beyers Theron en waarnemende kommissaris Mark Kingon by die ICD-vieringe in Pretoria.

Kolonel Baloyi van die SANW en groephoof van doeane se strategie en beleid Coffet Lebepe het 'n inspeksie-parade gelei gedurende die Internasionale Doeane Dag vieringe by Beitbrug.